

Donderdag 9 Maart

Skrifgedeelte: Joël 2:18-32 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Joël 2:28

Deur die Heilige Gees as gawe van God laat God ons sy toekoms sien

Wanneer ons kyk na alles wat vandag in die wêreld gebeur, mag dit dalk na 'n donker toekoms lyk. God het ons as gelowiges egter 'n besondere Gawe gegee om na die toekoms en sy gebeure te kyk – die Heilige Gees. Hy sit as't ware vir ons die bril van geloof op. Deur hierdie bril kan ons God in al hierdie gebeure raaksien. So sien ons: *“Hy het medelye betoon met sy volk”* (2:18). Israel kan nie die verwoesting wat hy veroorsaak, omkeer nie. Hulle is te sondig. God is egter die Een wat medelye betoon met sy volk en alles self bevry en nuut maak. Dit gebeur wanneer alles wat God besluit het, gebeur het (2:28).

Deur die bril van God se Woord sien Israel hierdie tyd as die Messiaanse tyd. Tog het van hulle dit nie raakgesien nie. Deur die Woord sien ons dan God se genade en liefde met die hoogtepunt van Christus. Christus self het ook gesê dat dit 'n donker wêreld gaan wees, maar dan lees ons: *“Ek sal my Gees laat kom op al die mense.”* Deur hierdie Gees sal gelowiges as profete optree om Christus se oorwinning te gaan verkondig.

Om hierdie taak te verrig, sal daar genoegsame middele wees. Ons moenie dink dat ons self hiervoor uit ons eie kan voorsien nie. Deur die Gawe van die Gees moet ons erns maak met ons taak om te verkondig. Dan mag die toekoms vir ander donker lyk, maar vir ons is dit vol heerlijkheid.

Sing: Psalm 147:7 (1936)

Proponent Jaco Cronje (Teologiese Skool Potchefstroom)